



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEOGRAFIE

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2009

Hierdie riglyne bestaan uit 17 bladsye.

EKSAMENRIGLYNE VIR GEOGRAFIE GRAAD 12 – 2009

INLEIDING

Hierdie is 'n stawende dokument om onderwysers te help om leerders vir die 2009 Graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat Geografie-eksamen voor te berei. Hierdie riglyndokument moet saam met die Vakassesseringsriglyne: Geografie – Januarie 2009 en die Leetprogramriglyne vir Geografie – Januarie 2008 gelees word. Materiaal uit die Vakassesseringsriglyne is egter by hierdie dokument ingesluit vir maklike verwysing.

STRUKTUUR VAN DIE EKSAMENVRAESTEL

Die Geografie-eksamen bestaan uit **TWEE** vraestelle:

Vraestel 1 (Teorie)

1. Hierdie is 'n drie-uur-vraestel en sal tydens die eerste sessie op die dag van die Geografie-eksamen geskryf word.
2. Die vraestel is in twee afdelings verdeel, naamlik Afdeling A en Afdeling B.
3. Elk van die twee afdelings bestaan uit twee vrae.
4. Drie van die vier vrae moet beantwoord word.
5. Elk van die vier vrae sal met twee stelle kort / objektiewe tipe vrae begin, m.a.w. twee stelle van $5 \times 2 = (10)$ vrae.
6. Elk van die vier vrae sal twee paragraaf- / kort opstel tipe vrae vir (12) punte insluit. m.a.w. twee vrae van $6 \times 2 = (12)$. Hierdie vrae mag nie in puntvorm beantwoord word nie en vereis analitiese denke en insig.
7. 'n Verskeidenheid hulpbronne sal gebruik word, bv. satellietbeelde, sinoptiese weerkaarte, grafieke, tabelle, sketse, strokiesprente, foto's en koerantartikels.
8. Die volgende instruksies sal op die voorblad van die eksamenvraestel verskyn. Leerders moet van die begin van die jaar af oor hierdie instruksies ingelig word, want baie volg nie die gegewe instruksies nie.
 - Die vraestel bestaan uit vier vrae.
 - Beantwoord ENIGE DRIE 100 punt vrae.
 - Alle diagramme is in die bylae ingesluit.
 - Nommer al jou antwoorde in die MIDDEL van die reel.
 - Laat 'n REËL OOP tussen onderafdelings wat beantwoord word.
 - Begin elke vraag BO AAN 'n NUWE bladsy.
 - Nommer die antwoorde PRESIES SOOS die vrae genommer is.
 - Moet nie in die kantlyne van die antwoordboek skryf nie.
 - **OMKRING** die vraagnommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van jou antwoordboek.
 - Skryf **NETJIES** en **LEESBAAR**.
 - Waar moontlik, illustreer jou antwoord met benoemde diagramme.

Vraag 2 (Kaartwerk)

1. Hierdie is 'n een-en-'n-halfuur vraestel en sal tydens die tweede sessie op die dag van die Geografie-eksamen geskryf word.
2. Die vraestel bestaan uit vier verpligte vrae wat soos volg saamgestel is:
Vraag 1: Meervoudigekeuse-vrae – $10 \times 2 = (20)$
Vraag 2: Geografiese tegnieke en berekening – 20 enkel-punte
Vraag 3: Toepassing van teorie / kaart- en foto-interpretasie – $20 \times 2 = (40)$
Vraag 4: Geografiese Inligtingstelsels – $10 \times 2 = (20)$

INHOUD WAT GEDEK MOET WORD

Die volgende inhoud moet ter voorbereiding van die eksamen gedek word:

KLIMAAT EN WEER**Globale Lugsirkulasie en Gevolglike Weerpatrone**1 Veranderinge in die energiebalans

- Die vier lugdruk-gordels
- Identifisering op 'n wêreldkaart, basiese lugdruk by, redes vir tipe lugdruk en basiese weerstoestande by die
 - ekwatoriale laagdruk
 - subtropiese hoogdruk
 - sub-polêre laagdruk
 - polêre hoogdruk
- Verband tussen temperatuur, lugdruk en wind
- Drukgradiënt en geostrofiese wind

2 Primêre lugsirkulasie

- Lugbeweging tussen die ewenaar en die pole
- Horisontale en vertikale lugbewegings
- Kragte wat horisontale lugbeweging beïnvloed
 - corioliskrag
 - drukgradiëntkrag
 - wrywingskrag
- Drie-selrangskikking van lugsirkulasie
- Identifisering, ontwikkeling en kenmerke van die
 - Hadley- / Tropiese sel
 - Middelbreedte- / Ferrelsel
 - Polêre sel

3 Sekondêre lugsirkulasie

Identifisering, ontwikkeling en kenmerke van

- Tropiese Oostewinde
- Westewinde
- Polêre Oostewinde
- Intertropiese Konvergensiesone (ITKS)
- Moesonwinde

4 Tersiêre lugsirkulasie

Ontwikkeling, kenmerke en basiese weerstoestand geassosieer met

- Land- en seebriese
- Berg- en valleibriese
- Föhnwinde

Middelbreedte Siklone

5 Middelbreedte siklone en gevolglike weerstoestand

- Ontwikkelingsgebied
- Kenmerke
- Stadia van ontwikkeling
- Gevolglike weerpatrone
 - Kouefronttoestand
 - Warmfronttoestand
 - Okklusiefronttoestand
- Sikloonfamilies
- Identifisering op sinoptiese weerkaarte
- Impak op menslike aktiwiteite in Suid-Afrika
 - Identifisering van stadia van ontwikkeling op 'n sinoptiese weerkaart
 - Interpretasie van weersimbole
- Moontlike voorsorgmaatreëls en beheerstrategieë

Tropiese Siklone

6 Tropiese siklone en gevolglike weerstoestand

- Ontwikkelingsgebied
- Faktore wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van tropiese siklone
- Kenmerke
- Stadia van ontwikkeling
- Gevolglike weerpatrone
- Identifisering op sinoptiese weerkaarte
- Impak op menslike aktiwiteite
 - Identifisering van stadia van ontwikkeling op sinoptiese weerkaarte
 - Interpretasie van weersimbole
- Moontlike voorsorgmaatreëls en beheerstrategieë

Subtropiese antisiklone en gevolglike weerpatrone oor Suid-Afrika7 Faktore wat Suid-Afrika se weerpatrone bepaal

- Invloed van die oseane op Suid-Afrika se weer
- Invloed van die binnelandse plato op Suid-Afrika se weer
- Breedteligging van die sub-kontinent se invloed op klimaat

8 Antisikloniese sirkulasie

- Identifisering van die drie antisiklone op sinoptiese kaarte
 - Suid Atlantiese / St Helena hoogdruk
 - Suid Indiese / Mauritius hoogdruk
 - Kalahari / Kontinentale hoogdruk
- Gevolglike weerstoestande

9 Bewegende versteurings

- Ontwikkeling van
 - Vogfront en lyndonderstorms
 - Kuslaagdruk
 - Suid-Afrikaanse Bergwind
- Gevolglike weerstoestande
- Identifisering op sinoptiese kaarte

Klimaat op Plaaslike Vlak / Mikroklimatologie10 Valleiklimate

- Hellingaspek / hellingsrigting
- Ontwikkeling van
 - Anabatiese winde
 - Katabatiese winde
 - Inversies / termiese gordel
 - Rypholte
 - Stralingsmis
- Invloed op menslike aktiwiteite
 - Vestiging
 - Boerdery

11 Stedelike klimate

- Redes vir verskille tussen landelike en stedelike klimate
- Ontwikkeling van hitte-eiland
- Faktore wat aanleiding gee tot hoër temperature in stede
- Vermindering van die hitte-eilandeffek
- Voorkoms en impak van die besoedelingskoepel
- Bydrae tot globale verwarming

12 Klimaatsrisiko's

- Konsep van klimaatsrisiko
- Basiese begrip van
 - Globale verwarming
 - Droogtes
 - Oorstromings
 - Stormdeinings
 - Weerlig
 - Hael
 - Tornados
- Menslike kwesbaarheid, reaksie en voorsorgmaatreëls

13 Klimaatsverandering

- Konsep van klimaatsverandering
- Volhoubare metodes om klimaatsverandering te voorkom
- Klimaatsverandering in Afrika en die gevolge vir Afrikane
- Menslike reaksie op klimaatsverandering
 - Kyoto-Protokol
 - Vermindering van gevolge van klimaatsverandering in Afrika en ontwikkelende lande

14 Interpretasie van sinoptiese kaarte

- Gebruik van internasionale simbole
- Identifiseer hoog- en laagdrukselle
- Weerstasies
- Satellietbeelde - lees en interpretasie
- Vergelyk satellietbeelde en weerkaarte

FLUVIALE PROSESSE EN STRUKTUURLANDVORMS**Fluviale Prosesse****1** Dreineerbekke

- Konsep van
 - Dreineerbekke
 - Opvangsgebied
 - Riviersisteem
 - Sytak
 - Samevloeiing
 - Waterskeiding
 - Interfluviale rif
 - Riviermond
- Bronne van watervoorsiening
 - Oppervlakafloop
 - Grondwater
 - Watertafel

- Tipes riviere
 - Permanent
 - Periodies
 - Episodies
 - Eksoties
- Faktore wat afloop en infiltrasie beïnvloed
 - Neerslag
 - Grondvogtigheid
 - Plantegroei
 - Helling / gradiënt
 - Porositeit
 - Deurlaatbaarheid / permeabiliteit
- Kenmerke van dreineerbekkens
 - Stroom-orde
 - Dreineerdigtheid
 - Faktore wat dreineerdigtheid beïnvloed
 - Dreineringspatrone
(dendrities, tralie, reghoekig, radiaal, sentripitaal, ontwigte, parallel)
- Geërfde en antesedente dreineringspatrone
 - Ontwikkeling
 - Kenmerke
- Stroomkanaalpatrone
 - Kronkelende kanaal
 - Gevlegde kanaal
 - Rotsbeheerde kanaal

2 Afloop van 'n rivier

- Laminêre en turbulente vloei
- Kenmerke van vloei hidrogramme
 - Afloopvolume
 - Reënvalpiek
 - Vloedpiek
 - Tydsverloop / vertragingstyd
 - Basisvloei
 - Tipes vloei hidrogramme en faktore wat hulle vorm beïnvloed

3 Stroomroef

- Konsep van
 - Abstraksie
 - Stroomroef
- Verskynsels wat met stroomroef geassosieer word
(rowerstrom, geroefde stroom, verarmde stroom, roefelboog, windsaal)

4 Stroomprofiel

- Konsep van
 - Dwarssnit
 - Lengteprofiel

- Konsep van
 - Erosievlak
 - Tydelike erosievlak
 - Permanente erosievlak
- Onderskei tussen gegradeerde (vereffende) en ongegradeerde strome
- Verband tussen die lengteprofiel en dwarsnit van die bo-, middel- en benedeloop van 'n rivier
- Stroomverjonging
 - Redes vir verjonging
 - Verskynsels van verjonging
(knakpunt, terasse, vallei in 'n vallei, ingekerfde rivierkronkels)

5 Fluviale landvorms

Identifisering en beskrywing van 'n

- Rivierkronkel / meander
 - Buite-oewer / stootoewer
 - Binne-oewer / gly-oewer
- Hoefystermeer
- Sandeiland
- Gevlegde stroom
- Vloedvlakte
- Natuurlike oewerwal / leveé
- Waterval
- Stroomversnelling
- Delta

6 Bestuur van opvangsgebiede en riviere

- Impak van die mens op dreineerbekkens / opvangsgebiede
- Belangrikheid om dreineerbekkens / opvangsgebiede te bestuur
- Strategieë om dreineerbekkens / opvangsgebiede te bestuur

Struktuurlandvorms

7 Topografie geassosieer met horisontaal gelaagde rots

- Konsep van horisontale strata
- Kenmerke en prosesse geassosieer met die ontwikkeling van
 - Heuwellandskappe
 - Basaltplato's
 - Canyonlandskappe
 - Karoolandskappe
(tafelberg, tafelkop, spitskop)
- Konsep van eskarpterugwyking
- Gebruik van hierdie landskappe deur die mens

8 Topografie geassosieer met hellende rots

- Konsep van hellende strata
- Kenmerke en prosesse geassosieer met die ontwikkeling van
 - Homoklinale rûens
 - Cuestas
 - Skerprugbulte
 - Cuestabekkens / komvormige cuestas
 - Cuestakoepels / koepelvormige cuestas
- Konsep van
 - Eskarphelling
 - Duikhelling
- Gebruik van hierdie landskappe deur die mens

9 Topografie geassosieer met massiewe stollingsgesteentes

- Konsep van massiewe stollingsgesteentes
- Identifisering van
 - Batoliete
 - Lakkoliete
 - Lopoliete
 - Dyke
 - Plate
- Kenmerke en prosesse geassosieer met die ontwikkeling van
 - Granietkoepels
 - Stapelkoppies

10 Hangelemente / -vorms

- Identifisering van die
 - Hangkruin
 - Krans
 - Puinhang
 - Pediment / skiervlakte / voetvlakte
- Kenmerke van die
 - Hangkruin
 - Krans
 - Puinhang
 - Pediment / skiervlakte / voetvlakte
- Belangrikheid van die vier hangelemente vir menslike gebruik

11 Massabewgings en menslike reaksie

- Konsep van massabeweging
- identifisering en redes vir ontwikkeling van
 - Grondkruip
 - Grondverskuiwings
 - Rotsstortings
 - Moddervloeiings
- Menslike reaksie op massabewegings
- Voorkomende maatreëls

MENSE EN PLEKKE

Prosesse en Ruimtelike Patrone

1 Klassifikasie van nedersettings en faktore wat standplaas en ligging beïnvloed

- Konsep van
 - Nedersetting
 - Standplaas
 - Ligging
- Klassifikasie van nedersettings volgens
 - Grootte en kompleksiteit
 - Patroon
 - Funksie
 - Stedelik / landelik
- Standplaas en ligging
 - Faktore wat die standplaas en ligging van landelike nedersettings beïnvloed
 - Faktore wat die standplaas en ligging van stedelike nedersettings beïnvloed

Landelike nedersettings

2 Klassifikasie en funksie

- Faktore wat standplaas en ligging beïnvloed
- Klassifikasie volgens patroon en funksie
- Klassifikasie volgens buitelynvorm
 - Rond
 - Lineêr
 - Kruispad
 - T-vormig

3 Mens-omgewing interaksies

- Konsep van landelik-stedelike migrasie
- Konsep van landelike ontvolking
- Oorsake van landelike ontvolking
- Gevolge van landelike ontvolking
- Moontlike oplossings vir landelike ontvolking
- Bestuur van landelike nedersettings
 - Plaaslike regerings
 - Agenda 21

4 Volhoubare bestuurstrategieë

- Volhoubare strategieë vir kwynende landelike nedersettings / gemeenskappe
- Grondhervorming en -herverspreiding
- Impak van MIV/Vigs op landelike nedersettingspatrone
- Impak van oorloë (vlugtelinge / ontworteldes) op landelike nedersettingspatrone

Stedelike Nedersettings

5 Klassifikasie van stedelike nedersettings

- Faktore wat standplaas en ligging beïnvloed
- Identifisering, funksie en redes vir ontwikkeling van
 - Sentraleplekke
 - Vervoer- en handelstede
 - Vragverbreekingspunte
 - Gespesialiseerde stede
 - Aansluitingsplekke
 - Deurgangplekke / poortdorpe

6 Stedelike hierargieë

- Konsep van sentraleplekteorie
- Konsep van
 - Sentraleplek
 - Drempelbevolking
 - Invloedsfeer
 - Reikwydte
- Konsep van
 - Lae en hoë orde funksies / dienste
 - Lae en hoë orde sentra
- Ware stedelike hierargieë van R.J. Davies

7 Verstedeliking

- Redes vir verstedeliking
- Konsep van
 - Verstedeliking
 - Stedelike groei
 - Stedelike uitbreiding
 - Stadspreiding
 - Tempo van verstedeliking
 - Vlak van verstedeliking

8 Strukture en patrone van stedelike nedersettings

- Stedelike profiel
 - Konsep van stedelike profiel
 - Redes vir vorm van stedelike profiel
- Identifisering, voordele en nadele van straatpatrone
 - Rooster / ruit
 - Onreëlmatig
 - Beplan onreëlmatig
 - Radiaalkonsentries
- Buitelynvorm van stedelike nedersettings

- Identifisering en kenmerke van grondgebruiksones
 - Kommersieël
 - Residensieel
 - Nywerheide
 - Verval- / oorgangsones
 - Groengordel
 - Landelik-stedelike oorgangsones
- Faktore wat die ligging van grondgebruiksones beïnvloed
 - Toeganklikheid
 - Grondwaarde
 - Gespesialiseerde vereistes
 - Versoenbaarheid
 - Sentripetale kragte
 - Sentrifugale kragte
- Modelle ter verduideliking van verskillende grondgebruiksones
 - Burgess / Konsentries
 - Hoyt / Sektor
 - Harris and Ullman / Veelvuldige kern

9 Mens-omgewing interaksies

- Stedelike nedersettingsprobleme
 - Binnestedelike probleme
 - Stedelike verval
 - Verkeersopeenhoping
 - Besoedeling
 - Grondgebruikskonflik / munisipale regulasies
 - Lewenstandaard
 - Politieke invloede
 - Informele nedersettings
- Bestuur van stedelike nedersettings
 - Veranderende stedelike nedersettings
 - Plaaslike regerings
 - Agenda 21

10 Volhoubare bestuurstrategieë

- Volhoubare strategieë om groeiende stedelike nedersettings te onderhou
- Stedelike vernuwing
- Stedelike beplanning
- Konsep van
 - Nuwe dorpe
 - Selfhelp stede
- Stedelike nedersettings van die toekoms

MENSE EN HULLE BEHOEFTES

Die Ekonomiese Struktuur

1 Ekonomiese aktiwiteite

- Konsep van
 - Primêre aktiwiteite
 - Sekondêre aktiwiteite
 - Tersiêre aktiwiteite
 - Kwaternêre aktiwiteite
- Bydra van bogenoemde tot die BBP
- Faktore wat ekonomiese aktiwiteite beïnvloed
 - Ekonomiese faktore
 - Fisiese faktore
 - Sosiale faktore
 - Politieke faktore

2 Landbou as 'n ekonomiese aktiwiteit

- Landboustelsels in Suid-Afrika
- Faktore wat landbou in Suid-Afrika bevorder
- Faktore wat landbou in Suid-Afrika beperk / belemmer
- Rol van landbou in voedselsekerheid
- Gevare en blootstellings wat die landbousektor in die gesig staar
- Bydrae van landbou tot Suid-Afrika se ekonomie

3 Nywerhede as 'n ekonomiese aktiwiteit

- Persepsies van besluitnemers oor die ligging van nywerhede
- Tipes nywerhede
 - Swaar en ligte
 - Grondstofgeoriënteerd
 - Markgeoriënteerd
 - Skakel- / ineengeskakelde nywerhede
 - Alomteenwoordige nywerhede
 - Brugnywerhede
- Faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika bevorder
- Faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika beperk / belemmer
- Bydrae van nywerhede tot Suid-Afrika se ekonomie
- Vier kernnywerheidsgebiede van Suid-Afrika
 - Identifisering op 'n kaart
(PWV, Durban-Pinetown, Port Elizabeth-Uitenhage, Suidweskaap)
 - Dominante nywerheidsaktiwiteite
 - Faktore wat ontwikkeling bevorder
 - Faktore wat ontwikkeling beperk / belemmer

- Probleme as gevolg van nywerheidsentralisasie
- Industriële Ontwikkelingsones (IOS)
 - Sleuteldoelwitte
- Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI)
 - Sleuteldoelwitte

4 Mens-omgewing interaksies

- Impak van die mens op die ligging van ekonomiese aktiwiteite
- Menslike reaksie op omgewingsongelykhede gekoppel aan ekonomiese aktiwiteite
- Menslike reaksie op sosiale onghelykhede gekoppel aan ekonomiese aktiwiteite
- Impak van programme soos
 - RDP / HOP
 - GEAR
 - ROI's
 - IOS'e
- Impak van die verandering in ligging van ekonomiese aktiwiteite op mense

5 Vervoer en handel

- Konsep van
 - Handel
 - Buitelandse handel
 - Uitvoere en invoere
 - Handelsbalans
 - Betalingsbalans
- Suid-Afrika se handel met Afrika en die wêreld
- Rol van vervoernetwerke in handel en ekonomiese ontwikkeling

Die Belangrikheid en Uitdagings van die Informele Sektor

6 Informele sektor

- Konsep van
 - Informele sektor
 - Formele sektor
- Voorbeelde van informele handel
- Redes vir die bestaan van die informele sektor
- Kenmerke van die informele sektor
- Uitdagings wat die informele sektor in die gesig staar
- Belangrikheid / rol van die informele sektor in die ekonomie
- Versterking van die informele sektor

Globalisering en Handel

7 Globalisering

- Konsep van globalisasie
- Kenmerke van globalisasie
- Invloed van globalisasie op die ekonomie
 - Voordele
 - Nadele
- Multinasionale korporasies
 - Invloed op die ekonomie
 - Voordele en nadele vir gasheerlande
- Uitdagings wat die ontwikkelende lande in 'n globale ekonomie in die gesig staar

Voedselsekerheid in Suidelike Afrika

8 Voedselsekerheid en -onsekerheid

- Konsep van
 - Voedselsekerheid
 - Voedselonsekerheid
- Faktore wat tot voedselonsekerheid in suidelike Afrika bydra
 - Fisiese omgewingsfaktore (droogtes, oorstromings, grondonvrugbaarheid)
 - Sosiale -, ekonomiese - en politieke faktore (produksiekoste, kontantgewasse, buitelandse kompetisie, gebrek aan bewerkbare grond, oorloë en konflik, swak infratruktuur, gebrek aan geld vir landbounavorsing)
- Maatreëls om voedselonsekerhede te verhoed
- Rol van geneties aangepaste voedsel

Water as 'n Kritieke Hulpbron in Suid-Afrika

9 Water as 'n skaars hulpbron

- Redes vir watertekorte
 - Natuurlik
 - Menslike invloed
 - Kaart van reënvalverspreiding in Suid-Afrika
- Besikbaarheid van waterbronne in Suid-Afrika
 - Belangrike waterbronne in Suid-Afrika
 - Belangrike riviere en damme in Suid-Afrika
 - Kaart wat belangrike riviere en damme aantoon
- Verspreiding en verskaffing van water aan Suid-Afrikaanse burgers
 - Rol van plaaslike regerings in die verskaffing van waterdienste
 - Belangrike wateroordragskemas (Lesotho Hoogland, Tugela-Vaal, Oranje-Vis / Gariep, Boland-skema)
- Volhoubare gebruik en bestuur van water
 - Waterbewaring
 - Waterbestuurstrategieë

GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE**1:50 000 Topografiese Kaarte****1 Kaartwerktegnieke**

- Kontoerlyne, kontoerinterval en hoogte
- Konvensionele tekens
- Kompasrigting
- Ware / geografiese peiling
- Skaal
- Berekening van werklike afstand – reguit en kronkelend
- Berekening van oppervlakte
- Kaartverwysingsnommers / kaartindeks
- Koördinate
- Alfanymeriese verwysing / ruitverwysing
- Magnetiese peiling
- Berekening van gradiënt
- Deursnitte
- Vertikale vergroting
- Intersigbaarheid
- Oriëntering van ortofotokaart met verhouding tot topografiese kaart

2 Toepassing

- Interpretasie van 1:50 000 topografiese kaarte
 - Interpretasie van fisiese faktore bv. reliëf, dreinering, klimaat en plantegroei
 - Interpretasie van mensgemaakte kenmerke bv. nedersettings, grondgebruik en vervoernetwerke
- Toepassing van alle aspekte van die sillabus wat in die teoretiese afdeling van Geografie gedek is

Foto's**3 Foto's wat in Kaartwerk Gebruik word**

- Tipe foto's
- Voordele en nadele van verskillende tipe foto's
- Ortofotokaart
- Grootte, vorm, skakering, tekstuur, skaduwees en patrone op foto's
- Vergelyk ortofotokaarte met topografiese kaarte
- Alle kaartwerktegnieke hierbo genoem, is van toepassing op ortofotokaarte

4 Toepassing

- Interpretasie van 1:10 000 ortofotokaarte
 - Interpretasie van fisiese faktore bv. reliëf, dreinerings, klimaat en plantegroei
 - Interpretasie van mensgemaakte kenmerke bv. nedersettings, grondgebruik en vervoernetwerke
- Toepassing van alle aspekte van die sillabus wat in die teoretiese afdeling van Geografie gedek is

Kaartprojeksies

5 Kaartprojeksies

- Tipe kaartprojeksies / konsep
 - Mercator
 - Gauss Konforme
 - Universeel Transversaal
 - Lambert
- Eienskappe van kaartprojeksies
 - Skaal
 - Grootte
 - Vorm
 - Afstand
 - Rigting
 - Oppervlakte

Geografiese Inligtingstelsels

6 Geografiese Inligtingstelsels

- Konsep van
 - GIS
 - Afstandswaarneming
 - Resolusie
 - Ruimtelike en attribute data
 - Vektor- en rasterdata
 - Ruimtelike voorwerpe (punte / nodes, lyne, oppervlaktes / poligone, pixels)
- Komponente van GIS
- Inligtingsbronne vir GIS
- Konsep van lae van inligting
- Datamanipulasie en -analise
 - Konsep van datamanupulasie
 - Data-integrasie
 - Skepping van 'n buffer
 - Bevraagtekening
 - Statistiese analise
- Toepassing van GIS deur die
 - regering
 - privaatsektor